



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 17 APRIL 2024 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl D G Bess
Rdl N Smit
Rdh T van Essen
Rdl A K Warnick

Ander raadslede:

Speaker, rdh M A Rangasamy

Beamptes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Bestuurder: Sekretariaat en Rekordsdienste, me N Brand

1. OPENING

Die voorsitter verwelkom almal teenwoordig en versoek rdl J M de Beer om die vergadering met gebed te open.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Geen verskonings in ontvang nie.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

3.1 VERSOEK VANAF RDL M NGOZI OM GEMEENSAPVERGADERING BY TE WOON OP 17 APRIL 2024

Die Munisipale Bestuurder gee agtergrond tot die versoek van rdl M Ngozi om amptenare af te vaardig om die gemeenskapvergadering op 17 April 2024 by te woon.

'n Memorandum is gedurende die protesoptog van 8 Maart 2024 aan die Munisipaliteit oorhandig en het lg. binne die 14-dae periode daarop gereageer.

'n Vergadering is met rdl Ngozi gehou op 9 April 2024 om die terugvoering deur die Munisipaliteit op die memorandum te bespreek, aangesien die gemeenskap aangedui het dat hulle nie die inhoud verstaan nie en derhalwe die Munisipaliteit uitnooi om die gemeenskapvergadering by te woon.

Die Munisipale Bestuurder/...

3.1/...

Die Munisipale Bestuurder bevestig die standpunt van die Munisipaliteit om eerder met verteenwoordigers van die gemeenskap in gesprek te tree as om 'n gemeenskapvergadering by te woon, aangesien die kwessies op hande nie konstruktief tydens 'n gemeenskapvergadering bespreek sal kan word nie.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat rdl Ngozi versoek word om 'n vergadering tussen verteenwoordigers van die gemeenskap en die Munisipaliteit byeen te roep op 'n datum na afloop van die gemeenskapvergadering om te verseker dat die kwessies gelys in die memorandum van 8 Maart 2024 om 'n konstruktiewe wyse bespreek word.

4. NOTULES**4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 20 MAART 2024****BESLUIT**

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 20 Maart 2024 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.2 NOTULE VAN PORTEFEULJESKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 10 APRIL 2024

[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE**5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJESKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 10 APRIL 2024****5.1.1 MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES****BESLUIT**

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE**BESLUIT**

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE**BESLUIT**

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.4 BESKERMINGDIENSTE**BESLUIT**

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

6.1 AFSKRYWING VAN DEERNIS- EN ONINBARE SKULD: MAART 2024 – WERKLIKE BEDRAG AFGEKSRYP (5/7/3)

Daar is op 20 Maart 2024 aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee verslag gedoen aangaande die voorneme om skuld van deernishuishoudings en ander oninbare skuld af te skryf.

Die verslag het ten doel om die werklike bedrae afgeskryf te bevestig.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat kennis geneem word dat die bedrae wat werklik afgeskryf is ten opsigte van deernishuishoudings, **R6 834 093.78** beloop en ten opsigte van ander oninvorderbare skulde, **R1 084 471.05** beloop;
- (b) Dat kennis geneem word dat Swartland Munisipaliteit die reg voorbehou om enige bedrag wat afgeskryf is, weer terug te skryf na die betrokke debiteur en alle nodige stappe geneem sal word om die skuld in te vorder, indien dit vanaf datum van hierdie goedkeuring aan die lig kom dat:
 - (i) 'n Huishouding nie aan die deerniskriteria voldoen het nie (soos bepaal in Hoofstuk 7 van die Deernisbeleid); of
 - (ii) 'n Gedeelte van die skuld of die totale skuld van 'n debiteur nie korrek sou wees nie; of
 - (iii) Enige inligting wat op datum van afskrywing nie aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee bekend was, wat daartoe sou lei dat die komitee die voorgelegde skuld nie vir afskrywing sou oorweeg nie;
- (c) Dat kennis geneem word dat indien 'n eiendom op welke wyse ookal vervreem sou word, Swartland Munisipaliteit die reg voorbehou om uitklaring op die betrokke eiendom te weerhou en die bedrae afgeskryf eers in te vorder, alvorens uitklaring op die betrokke eiendom gegee sal word. 'n Register is by die Eiendomsbelastingafdeling ingestel waarin gekontroleer word of daar ten opsigte van die betrokke uitklaring vir die voorafgaande twee jaar voor uitklaring, enige afskrywing was en dat indien wel, die afgeskryfde bedrag met die uitklaring verhaal word.

7. NUWE SAKE

7.1 KWARTAALVERSLAG INSAKE DIE PRESTASIE VAN KONTRAKTEURS (8/1/B/1)

Die verslag ten opsigte van die kwartaalike prestasie-evaluering van kontrakteurs wat ingevolge die Voorsieningkanaalbestuursbeleid aangestel is, word voorgelê ter voldoening aan artikel 116(2) van die MFMA en die kernprestasie-indikator van die Munisipale Bestuurder.

Die Munisipale Bestuurder verduidelik dat die verslag ingevolge wetgewende vereistes opgestel is met die doel om die onderprestasie van kontrakteurs vroegtydig aan te spreek.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat kennis geneem word van die verslag insake die prestasie van kontrakteurs vir die periode 1 Januarie 2024 tot 31 Maart 2024;
- (b) Dat verder kennis geneem word van die twee kontrakte wat nie op skedule is nie, en dat dit op 'n gereelde basis gemonitor sal word.

7.2/...

7.2 VERSLAG INSAKE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENINGKANAAL-BESTUURSBELEID VIR DIE PERIODE 1 JANUARIE 2024 TOT 31 MAART 2024 (8/1/B/2)

'n Verslag insake die implementering van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid moet op 'n kwartaallikse basis ingevolge paragraaf 6(3) van die Munisipale Voorsieningkanaalbestuursregulasies aan die Uitvoerende Burgemeester voorgelê word.

Die verslag vir die periode 1 Januarie 2024 tot 31 Maart 2024 is met die sakelys gesirkuleer.

Die Munisipale Bestuurder bevestig, met verwysing na die omvang van die toekenning van tenders in die 1^{ste} Kwartaal ten bedrae van R162 155 686.59, dat daar reeds na afloop van die voorlegging van die konsepbegroting in Maart 'n aanvang geneem word om tenderspesifikasies gereed te kry. Sodoende word verseker dat daar spoedig op tender uitgegaan kan word na afloop van die finale goedkeuring van die begroting.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Dat kennis geneem word van die Kwartaalverslag ten opsigte van die implementering van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid soos beoog deur artikel 6(3) van die Regulasies, sowel as verslae van die Formele Tenders (Bylae A), Informele Tenders (Bylae B), en die Afwykingsverslag (Bylae C);
- (b) Dat kennis geneem word van die dienste gelewer vir die tydperk 1 Januarie 2024 tot 31 Maart 2024 met verwysing na die uitsonderings waar dit onprakties is om die mark te toets en dus 'n afwyking van die verkrygingsprosesse ingevolge paragraaf 2(6) van die Voorsieningskettlingbestuurbeleid (Bylae D) noodsaak.

7.3 SONDEZA AFRI-JEUG INISIATIEF: EVALUERINGSVERSLAG 2023 (17/2/2/1)

Die 18^{de} Sondeza-Afri-Jeuginisiatief is aangebied vanaf 6 tot 15 Desember 2023 op Ganzekraal en die positiewe terugvoering van leerders, soos vervat in die Evalueringsverslag, getuig van die sukses van die kamp.

Die volledige Evalueringsverslag is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Evalueringsverslag van die 18^{de} Sondeza Afri-Jeuginisiatief wat deur me l Looek as kamp-koördineerder opgestel is.

7.4 HUUROOREENKOMS: MALMESBURY INFORMELE HANDELAARSVERENIGING (17/12/2/2/1/2)

Die informele handelsarea te Bokomoweg, Malmesbury asook ander afgebakende areas word sedert 2003 aan die Malmesbury Informele Handelaarsvereniging verhuur.

Die Malmesbury Informele Handelaarsvereniging het versoek om die huurtermyn te verleng.

BESLUIT

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Dat goedkeuring verleen word dat 'n ooreenkoms met die Malmesbury Informele Handelaarsvereniging gesluit word vir die huur van die informele handelsarea te Bokomoweg (en ander afgebakende plekke) in Malmesbury, vir 'n termyn van drie jaar ten bedrae van R1 030.00, plus BTW, per maand;
- (b) Dat die huurvoorwaardes onveranderd bly.

7.5/...

7.5 VERHURING VAN VOORMALIGE KOMMANDOGEBOU TE MOORREESBURG (15/4/6)

Die Munisipale Bestuurder gee agtergrond tot die besoek aan die Imibala Trust ('n Rupert-Trust) in Somerset-Wes wat 'n verskeidenheid programme aanbied om 'n verskil in die lewens van kinders maak.

Daar is, onder andere, ondersteuningsprogramme wat kinders toerus met skool- en sportklere van die onderskeie skole waar die kinders skool gaan, vaardighedsprogramme in kuns, rekenaars, ens.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste noem dat daar in die GOP 'n groot fokus is op die ontwikkeling van vaardighede (skills centres) en dat bestaande geboue vir hierdie doeleindes benut moet word. Die programme wat Imibala Trust aanbied kan gedupliseer word as daar fasiliteite en fondse beskikbaar is, want – soos bevestig deur die voorsitter – sal dit 'n positiewe impak op die gemeenskap hê.

Die Munisipale Bestuurder noem dat die bestuurder van die Imibala Trust op Somerset-Wes vanoggend bevestig het dat die Rupert Trustees goedkeuring verleen het om 'n soortgelyke sentrum op Moorreesburg te vestig. Moorreesburg is geïdentifiseer, aangesien die Moorreesburg Sakekamer die Munisipaliteit bekendgestel het aan die Imibala Trust-inisiatief.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat daar kennis geneem word dat die huurooreenkoms met Sinethemba ten opsigte van die gebou geleë op gedeeltes van Erf 43 en Erf 122 te Hoofstraat 6, Moorreesburg, op 30 April 2024 sal verstryk en nie hernieu sal word nie;
- (b) Dat die toekomstige benutting van die Kommandogebou vir ondersoek verwys word na die Administrasie, vir terugvoering aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

7.6 VERHUUR VAN HANDELSPLASIES BY DIE DE VLEI AMFITEATER, DARLING (12/1/3/1-1/1)

Die Raad gaan vier doelgeboude skeepvraghouers beskikbaar stel as deel van die projek om 'n Entrepreneursnode op Erf 155, De Vlei Amfiteater, Darling te vestig.

'n Deursigtige publieke deelname proses is gevolg en onderhoude is gehou met die voornemende huurders om vier SMME's te identifiseer om hulle besighede vanuit die skeepvraghouers te bedryf.

BESLUIT

(op voorstel deur mnr A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat daar kennis geneem word van die aansoekproses vir die identifisering van huurders vir die beskikbare handelsplasies by die entrepreneursnode op Erf 155, Darling, sowel as die uitkoms daarvan;
- (b) Dat huurooreenkoms te gesluit word vir 'n periode van twee jaar en onderhewig aan 'n maandelikse huur van R100.00 BTW uitgesluit, ten opsigte van die suksesvolle aansoekers soos volg:
 - (i) Wegneemetes: Me Nomakwezi Yedwa
 - (ii) Haarsalon: Me Sunell Sias
 - (iii) Snoepie: Mnr Andre Derks
 - (iv) Klerewinkel: Ms Rebecca Qametsi
- (c) Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste gemagtig word om die terme en voorwaardes van die huurooreenkoms te bepaal, in samewerking met die Direkteur: Ontwikkelingsdienste;
- (d) Dat goedkeuring verleen word dat daar afstand gedoen word van die aansluitingstariewe vir dienste ter bevordering van PEO (LED) vir SMME's;

7.6/...

- (e) Dat goedkeuring verleen word dat die dienste-aansluitings op die naam van die onderskeie entrepreneurs gedoen word, pleks van Swartland Munisipaliteit;
- (f) Dat daar goedkeuring verleen word dat daar 'n beleid opgestel word vir PEO inisiatiewe ter ondersteuning van SMME's in soverre dit dienste-aansluitings betref.

7.7 HUUROOREENKOMS: ERF 4360, DARLING (12/2/4-3/1)

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste noem dat dit in ag geneem moet word dat Erf 4360, Darling nie omhein of as 'n afsonderlike entiteit afgesper is van Erf 4359 nie en kan dus nie as 'n ekonomiese landbou-entiteit aan enige ander party verhuur word nie.

Die aansoek van die aanliggende eienaar, *Anicol Properties*, word dus ondersteun om Erf 4360 vir landboudoeleindes vir 'n verdere termyn te huur.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat goedkeuring verleen word dat 'n huurooreenkoms met *Anicol Properties Pty Ltd* gesluit word vir 'n periode van drie jaar met ingang vanaf 1 Julie 2024 vir die huur van Erf 4360, Darling vir landboudoeleindes;
- (b) Dat die huurgeld vasgestel word op R2 788.00 per maand, BTW uitgesluit;
- (c) Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste volmag verleen word om die voorwaardes van verhuring te bepaal.

7.8 HUUROOREENKOMS: MAST SERVICES (VODACOM) (15/4/6)

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste noem dat dit onlangs onder die aandag van die Munisipaliteit gebring is dat daar 'n sellulêre basisstasie by die Yzerfontein Karavaanpark opgerig is.

Die doel van die verslag is om 'n formele huurooreenkoms, soortgelyke aan die ander sellulêre basisstasies, met die diensverskaffer aan te gaan.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat 'n huurooreenkoms gesluit word met MAST Services (Pty) Ltd vir 'n termyn van drie jaar met ingang vanaf 1 Julie 2024 vir die gebruik van spasie, $\pm 10 \text{ m}^2$ groot, op Erf 208, Yzerfontein, om kommunikasienetwerkdienste in Yzerfontein te verskaf;
- (b) Dat die maandelikse huurgeld vasgestel word op R1 745.00 (BTW uitgesluit), om jaarliks met 6% te eskaleer;
- (c) Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste met volmag bekleed word om die toepaslike terme en voorwaardes te bepaal vir doeleindes van die huurooreenkoms.

7.9 UITSTAANDE DEBITEURE: MAART 2024 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Maart 2024.

7.10/...

7.10 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Maart 2024 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.11 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES: HERSTEL EN TOETSING VAN "CHERRY PICKER", CK 47512 (8/1/B/2)

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste noem dat dit 'n veiligheidvereiste is om jaarliks die "cherry pickers" na te sien en behels dit, onder andere, 'n inspeksie om enige olie lekkasies op te spoor en die uitvoering van 'n ladingtoets.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkryging-prosedures in terme van paragraaf 36 van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid;
- (b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om die herstel van die "Cherry Picker" CK 47512 deur Alpha Hydraulic Lifting ter waarde van R47 082.00 (BTW uitgesluit) goed te keur;
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingprosedures aangeteken word as volg:
 - (i) Die behoefte vir jaarlikse inspeksie- en toetsverslae volgens die veiligheidsvereistes;
 - (ii) As gevolg van die oopmaak en kwotasie (strip and quote) basis is dit nie redelik om die normale verkrygingsproses te volg nie;
 - (iii) Die noodsaaklikheid om die toerusting weer in diens te stel om dienslewering te verseker;
- (d) Dat kennis geneem word dat die koste teen mSCOA pos 9/4-17-5 betaal is en dat daar genoeg fondse beskikbaar was om die koste van R47 082.00 (BTW uitgesluit) te dek;
- (e) Dat die Bestuurder Finansiële State versoek word om die bostaande redes as 'n nota tot die finansiële state by te voeg wanneer die state opgestel word.

7.12 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSESE: HERSTEL EN TOETSING VAN "CHERRY PICKER", CK 14498 (8/1/B/2)

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste noem dat dit 'n veiligheidvereiste is om jaarliks die "cherry pickers" na te sien en behels dit, onder andere, 'n inspeksie om enige olie lekkasies op te spoor en die uitvoering van 'n ladingtoets.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkryging-prosedures in terme van paragraaf 36 van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid;
- (b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om die herstel van die "Cherry Picker" CK 14498 deur 600CT ter waarde van R39 420.00 (BTW uitgesluit) goed te keur;
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingprosedures aangeteken word as volg:
 - (i) Die behoefte vir jaarlikse inspeksie- en toetsverslae volgens die veiligheidsvereistes;

7.12(c)/...

- (ii) As gevolg van die oopmaak en kwotasie (strip and quote) basis is dit nie redelik om die normale verkrygingsproses te volg nie;
 - (iii) Die verskaffer, 600CT, is die oorspronklike vervaardiger en installeerder van die toerusting;
 - (iv) Die noodsaaklikheid om die toerusting weer in diens te stel om dienslewering te verseker;
- (d) Dat kennis geneem word dat die koste teen mSCOA pos 9/4-17-5 betaal is en dat daar genoeg fondse beskikbaar was om die koste van R39 420.00 (BTW uitgesluit) te dek;
- (e) Dat die Bestuurder Finansiële State versoek word om die bostaande redes as 'n nota tot die finansiële state by te voeg wanneer die state opgestel word.

(GET) J H CLEOPHAS
UITVOERENDE BURGEMEESTER